

SARS EN WETSTOEPASSINGSAGENTSKAPPE TREE OP TEEN ONWETTIGE EN VERBODE GOEDERE

Pretoria, 27 Oktober 2022 - Miljoene rande se onwettige en verbode goedere is die afgelope maand gekonfiskeer in verskeie gesamentlike operasies wat deur gekoördineerde pogings binne SARS uitgevoer is.

- 'n Intelligensie-gedrewe operasie, wat verband hou met die voorkoming en nasporing van oorgrense smokkelary en nienakoming van doeane- en aksynsregulasies in die sigaret- en tabakindustrie, het tussen wetstoepassingspanne binne SARS en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) op 25 Oktober 2022 plaasgevind.

SARS se wetstoepassingspanne wat na die Oos-Rand in Gauteng ontplooi was, deur die SAPD ondersteun, het op 'n trok afgekom wat rou tabak by 'n pakhuis afgelaai het, vermoedelik van Zimbabwe ingevoer. Die span het ook op 'n aansienlike aantal bokse met rou tabak afgekom wat voorheen by die pakhuis afgelewer is.

Dit is verder vasgestel dat die tabak, wat vir 'n doeanepakhuis bestem is, onwettig afgelei is na 'n ongeregistreerde pakhuis. Dit is 'n oortreding van die Wet op Doeane en Aksyns.

Die gesamentlike wetstoepassingspanne het 'n volledige inspeksie uitgevoer en die volgende goedere is teruggehou vir verdere ondersoek:

- 472 bokse rou tabak met 'n doeanewaarde van R10 919 000 (insl. heffings en BTW)
- 'n Trok wat vir die vervoer van rou tabak gebruik is, met 'n waarde van R2 500 000.

Twee arrestasies is gemaak en die ondersoek duur voort.



- Op 23 Oktober 2022 het 'n doeanebeampte, wat by Kopfontein gestasioneer is, inspeksie van 'n trok uitgevoer wat Suid-Afrika van Botswana binnegekom het. Die beampte het ongeruimdheid opgelet en die drywer beveel op 'n houtkompartement onder die sleepwa oop te maak. Agttien mans is gevind as versteek in die vals kompartement. Die mans was vermoedelik van Malawi

en het gepoog om Suid-Afrika onwettig binne te kom. Die saak is verwys na die Departement van Binnelandse Sake en SAPD.

- Tussen 18 en 21 Oktober, is kontrolepunte opgestel op hoofpaaie naby hawens van binnekoms in die Noord-Wes, Limpopo en Gauteng, wat gemik was op voorkoming en nasporing van onwettige handel en oorgrense smokkeling van goedere soos sigarette en tabakprodukte. Die resultate was as volg:
 - Op 19 Oktober 2022 het die doeanewetstoepassingspan 'n voertuig buite Mokopane gestop en deursoek, en die drywer in besit van 11 650 bondels dwelmmiddels (Khat), met 'n gewig van 249 kg en waarde van R700 600, gevind. Die drywer is gearresteer, die dwelmmiddels gekonfiskeer en aan die SAPD oorhandig.



- Ook, van 18 tot 21 Oktober, in al drie provinsies, het die doeanewetstoepassingspan geteikende operasies uitgevoer op handelaars wat vermoedelik die Wet op Doeane en Aksyns oortree deur onwettig handel te dryf in sigarette en tabakprodukte. Oortredings sluit in goedere wat te laag geprys is, geen bewys van betaling, geen geldige fakture, sigaretpakkies wat nie voldoen aan vereistes ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns en die Wet op Tabakprodukte nie, soos byvoorbeeld geen diamantstempel of gesondheidswaarskuwing nie. 'n Totaal van 81 meesterkaste, wat elk 50 kartonne sigarette met 'n waarde van R1 277 000 bevat het, is gekonfiskeer.
- In die Noord-Wes provinsie is onwettig-ingevoerde gesigroom, met 'n waarde van R104 000, ook teruggehou tydens die operasie.



- 'n Gesamentlike ingryping tussen SARS se nasionale spoedige reaksiespan (NRRT) en die SAPD op 13 Oktober 2022, het gelei tot die nasporing en terughouding van die volgende onwettige/verbode goedere:
 - Verbode alkohol, verpakking en distillerymasjinerie ter waarde van R1 525 800
 - Verbode sigaret- en tabakprodukte: 653 meesterkaste wat elk 50 kartonne sigarette, met 'n waarde van R9 118 355, bevat het.
 - Vermoedelike onwettig-ingevoerde klerasie, tekstiel, leer en skoeisel ter waarde van R1 500 000.



- Die NRRT en die SAPD het gereageer op inligting ontvang oor 'n pakhuis met moontlike onwettige tabakprodukte in Fordsburg, Johannesburg op 7 Oktober 2022. Met inspeksie het die span op pruimtabakprodukte afgekom. Die handelaar kon nie die vereiste bewys van invoer dokumente verskaf nie en 'n aanhoudingsbevel is uitgereik ter waarde van 'n geskatte R100 000 hangende verdere ondersoek na die smokkelary van verbode tabakprodukte.



- Op 29 September het SARS se wetstoepassingspanne, in samewerking met die SAPD 'n operasie in Johannesburg uitgevoer wat gefokus het op vermeende gesmokkelde klerasie, tekstiel, leer en skoeisel (CTFL) goedere. Hierdie gesamentlike ingryping het gelei tot 10 terughoudings van CTFL-goedere, wat vermoedelik die land binnegesmokkel is, met moontlike intellektuele eiendomsregoordredings. Die goedere, met 'n waarde van R31 miljoen, word deur SARS aangehou vir verdere ondersoek. Een persoon is gearresteer vir vermeende poging tot omkoperij tydens die gesamentlike operasie.



SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het die wetstoepassingsbeamptes, wat by hierdie gesamentlike operasies, wat gelei het tot die konfiskerings en arrestasies van oortreders, betrokke was, gelukgewens. Hy het gesê: "SARS, in samewerking met ander wetstoepassingsagentskappe, sal volhard in die versekering dat diegene wat betrokke is by oortreding van ons land se wette aangespreek en beslissend hanteer word. Ons wil 'n boodskap stuur aan nienakomende belastingpligtiges dat SARS dit duur en moeilik sal maak vir diegene wat betrokke is by kriminele ampsmisdryf".

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.